

Bekende Heilbronner oorlede

Jeannette van der Merwe

26 April 1927 - 6 Januarie 2019

'n Bekende en beminde inwoner van Heilbron is op die ryp ouerdom van 91 jaar oorlede. Jeannette het die afgelope 11 maande in 'n tehuis om nader aan haar kinders te wees in Pretoria gebly.

Sy het haar in 1951 as jong bruid saam met Dr Chris van der Merwe in Heilbron gevestig. In haar 67 jaar in Heilbron het sy 'n groot bydrae gelewer in die gemeenskap. Wat uitgestaan het, was haar 25 jaar diens aan die vrouens van Phiritona waar sy sedert 1980 hulle in naaldwerk en ander vaardighede opgelei het, asook lewensopvoeding. Sy is vereer met verskeie toekennings vir haar gemeenskapsdiens en prestasies. Sy het as jong dame by die Vrystaat Vroue Landbou Unie aangesluit as aktiewe lid en het later ook as voorsitter die Heilbron-tak tot groot hoogtes gelei. Sy was vir 60 jaar lid van die VVLU en het dikwels as naaldwerk- en gebakbeordelaar opgetree. Sy was 'n universiteits- en provinsialehokkiespeler (Ikeys, Westelike Provinse en Transvaal kapteine). Sy het ook die Heilbron skoolhokkiespanne afgerig toe haar dogter, Rykie, op skool was en daar groot inspirasie gebring.

Tannie Jeannette se vrolike en positiewe geardigheid het uitgestaan, asook haar onwrikbare geloof in God. Sy word oorleef deur twee kinders, Dr Danie van der Merwe en Rykie Boeke met ses kleinkinders en drie agterkleinkinders.



Martin Mans besoek Suid-Afrika

Orelfees. Uitvoering op 14 Februarie 18:30 te NG Kroonstad Oos, Hv Fleck en Marchall straat.

Die bekende Martin Mans van Nederland besoek SA in Februarie.

Die aand is propvol kunstenaars. Jan Elsenaar van Protea Orrelbouers, asook Isabel Kruger (orreliste by NG Oos), tree saam met Martin op.

Carlo Wright en Anthony Duffin is op trompet, terwyl Carla en Carel Steyn die fluite gaan speel.

Dewald Grobler (Bariton) van Potchefstroom tree ook by die geleethed op.

Die aand het 'n verskeidenheid van musiek en sal verseker in elkeen se smaak val.

Die Kerk het 'n 3 Manuaal Cooper, Gill &

Tomkins orrel en liefhebbers van orrelmusiek sal nie teleurgesteld wees nie.

Werke van Bizet, Bach en Max Bruch (Sweedse komponis), asook verwerkings van Martin Mans en Jan Elsenaar sal op die program wees.

Jan Elsenaar en Isabel Kruger sal een van Jan se verwerkings van "Op berge en in Dale" saam op die orrel doen. Die aand word afge-sluit wanneer al drie orrelistes saam agter die orrel inskuif en afsluit met "Zie ons wachten aan de stromen", gekomponeer deur Martin Mans.

Daar sal CD's te koop wees tydens pouse. Kaartjies is R100 pp.

Vir enige navrae kan die Kerkkantoor gekontak word by 056 212 1633.



Op die foto vl: Martin Mans van Nederland, Isabel Kruger (orreliste by NG Oos) en Jan Elsenaar van Protea Orrelbouers.

SPAR
JANUARY BUDGET BOOSTER
Rewards
Instant Savings

EKSKLUSIEF VIR SPAR REWARDS-LEDE, SLUIT VANDAG NOG AAN. DIS GRATIS! www.spar.co.za · Vind ons op [/myspar](#)

50% AFSLAG
- OP JOU INKOPIES -
VIR 20 000 KLANTE

SPAR



SOOS OP TV

SPAR
FULL CREAM MILK
Long Life UHT Process
6 x 1 Liter

59,99
per pak



Nescafé Classic Koffie (Geen Kafeien en Pakkie uitgesluit) 200 g

59,99
elk



SOOS OP TV

BOKOMO
ProNutro
The Original Protein Cereal
WHEAT FREE
Chocolate Flavour
Bokomo ProNutro 500 g

29,99
elk



BOKOMO
ProNutro
The Original Protein Cereal
WHOLE WHEAT
Original
Bokomo ProNutro 500 g



SOOS OP TV

Tennis
Bakers Tennisbeskuitjes 200 g

11,99
per pak

Maatskappy by alle SPAR, SUPERSPAR en KWIKSPAR winkels (011) 800 0000 word vir spesiale SPAR-TV-aanbiedings gebruik. Die aanbieding is geldig vanaf 27 Januarie 2019 tot en met 26 Februarie 2019. SPAR-TV-aanbiedings is beperk tot 20 000 klante per dag. Nie beskikbaar in die Vrystaat Vroue Landbou Unie (VVLU) en die Vrystaat Vroue Landbou Unie (VVLU) van die Wes- en Oos-Kaap nie. Afval tot 10%.

Wilt u meer besonderhede? www.spar.co.za of in die winkel.